HOOFSTUK 4 ONDERHOUD 1

WAT BEHELS ONDERHOUD? 1

WANNEER MOET EK ONDERHOUD EIS? 1

HOE GAAN EK TE WERK OM ONDERHOUD TE EIS? 1

VERLOOP VAN DIE PROSES: 2

GEVOLGE VAN WANBETALING: 2

ALGEMENE VRAE OOR ONDERHOUD: 3

WYSIGINGS OP DIE WET OP ONDERHOUD: 7

HOOFSTUK 4
ONDERHOUD

WAT BEHELS ONDERHOUD?

Onderhoud verwys na die finansiële bystand van iemand anders wat deur die hof gelas word. Die hof stel gewoonlik 'n bedrag vas wat maandeliks betaalbaar is.

Die onderhoud van minderjarige kinders is primêr die verantwoordelikheid van die kind se biologiese of aanneemouers.

WANNEER MOET EK ONDERHOUD EIS?

Die onderhoudshof moet in die volgende omstandighede genader word:

- wanneer die pa of ma van u kind/ers nie gereeld onderhoud vir die kinders betaal nie;
- wanneer die persoon wat wetlik vir die onderhoud verantwoordelik is, nie die onderhoudsbevel nakom nie.

HOE GAAN EK TE WERK OM ONDERHOUD TE EIS?

Die onderhoudsbeampte by u plaaslike hof sal jou help om 'n aansoekvorm in te vul en sal vir u sê wat om te doen.

Die volgende dokumente moet by die onderhoudsbeampte ingedien word:

- identiteitsdokument;
- die identiteitsnommer van die persoon van wie u onderhoud wil eis;
- u kontaknommer en adres;
- die adres en kontaknommer van die persoon van wie u onderhoud wil eis;
- indien moontlik, die adres van sy of haar werkgewer;
- u kinders se geboortesertifikate;
- u bankstaat, as u ‘n bankrekening het – indien nie, ’n beëdigde verklaring om te bevestig dat u nie ’n bankrekening het nie;
- ‘n lys van u kinders se behoeftes;
- u munisipale rekening vir water en elektrisiteit;
- fakture vir kruideniersware, klererekeninge en mediese rekords;
- gewaarmerkte afskrifte van u finale egskeidingsbevel en -skikking (indien u geskei is).

VERLOOP VAN DIE PROSES:

- Indien die vader/moeder opgespoor kan word, sal die onderhoudsbeampte vir u ’n saaknommer en ’n hofdatum gee.
- Die onderhoudsbeampte sal aan u en die persoon van wie u onderhoud eis, ‘n getuiedagvaarding uitreik om in die hof te verskyn.
- Op die hofdatum sal die onderhoudsbeampte die bedrag wat u eis met julle albei bespreek.
- Indien daar nie ooreengekom kan word nie, sal die saak na die hof verwys word.
- Nadat dit in die hof aangehoor is, sal ‘n onderhoudsbevel uitgereik word. Hierdie bevel bepaal die hoeveelheid onderhoud wat betaalbaar is en aan wie dit betaal moet word.

Dis belangrik om nie moed verloor wanneer u die proses om onderhoud te eis, begin nie. Indien u nie al die dokumentasie het wat hierbo gelys word nie, handig die dokumente in wat u het en gaan voort met u eis.

Indien die vader/moeder van u kind onopspoorbaar is, kan die onderhoudsbeampte opdrag aan ’n ondersoeker gee om die ander ouer op te spoor.

GEVOLGE VAN WANBETALING:

Wanbetaling van onderhoud is ’n misdryf en dra die volgende gevolge:

- ‘n hofbevel vir siviele eksekusie (uitvoering);

- ‘n lasbrief vir uitvoering kragtens artikel 27 van die Wet op Onderhoud;
- ‘n loonbeslagbevel kragtens artikel 28 van die Wet op Onderhoud;

ALGEMENE VRAE OOR ONDERHOUD:

Is onderhoud die verantwoordelikheid van die biologiese ouers alleenlik?

- Nee, enige persoon wat verantwoordelik is vir die grootmaak van die kind, met ander woorde die wettige voog, aanneemouers en grootouers van die kind, indien die biologiese ouers nie die geldmiddele het om onderhoud te betaal nie.

Onder watter omstandighede kan ek onderhoud van die grootouers eis?

- indien die ouers nie onderhoud kan betaal nie;
- indien die ouer onopspoorbaar is.

Hoekom moet ‘n persoon onderhoud betaal?

‘n Persoon moet onderhoud betaal vir die behoorlike opvoeding en grootmaak van die kind. Dit sluit die volgende in:

- voedsel;
- klerasie;
- akkommodasie;
- mediese sorg;
- onderwys.

Waar moet ‘n klag om onderhoud ingedien word?

- In enige landdroshof waar die applikant (ouer wat onderhoud eis) en/of die kind woonagtig is.

Hoeveel geld moet vir onderhoud betaal word?

- Die bedrag betaalbaar vir die onderhoud sal bepaal word deur die behoeftes van die kind en die finansiële middele van die ouer.

Hoe gereeld moet onderhoud betaal word?

- Die onderhoudsgeld moet elke maand betaal word, op die datums soos ooreengekom deur beide die partye en soos toegestaan deur die hof.

Op watter ouderdom behoort ‘n persoon op te hou met die betaling van onderhoud?

- Onderhoud moet betaal word totdat die kind selfonderhoudend is.

Wat gebeur wanneer die persoon wat verantwoordelik is vir die betaling van kinderonderhoud, tot sterfte kom?

- Die onderhoud moet uit die oorledene se boedel betaal word.

Wat gebeur indien die kind 18-jarige ouderdom bereik en sy/hy is nog steeds nie selfonderhoudend nie?

- Die betaling van onderhoud sal voortduur totdat die kind selfonderhoudend is. Die onderhoud moet dan egter direk in die kind se bankrekening betaal word. Wanneer die kind meerderjarig is, moet hy/sy self die onderhoudshof nader om onderhoud te eis.

Kan ek die onderhoudsbedrag verhoog/verlaag nadat die bevel toegestaan is?

- Ja, u kan aansoek doen om die verhoging/verlaging van die bedrae, veral indien u finansiële omstandighede verander het.

Kan ek onderhoud eis indien ek saam met die vader/moeder van die kind woon?

- Ja, jy kan onderhoud eis indien die ander ouer nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kind se onderhoud nie.

Tree die onderhoudsbeampte namens my op of moet ek ‘n prokureur aanstel?

- Ja, die onderhoudsbeampte is by uitstek ‘n hofbeampte. Sy rol is hoofsaaklik om te verseker dat onderhoud aangeleenthede na behore ondersoek word ten einde die landdros in staat te stel om ‘n regverdige bevinding te kan maak.
- Die onderhoudsbeampte verseker dat die knelpunte en geskille in die betrokke onderhoudsaangeleentheid aangespreek word, administratiewe prosesse nagekom word en dat verlangde dokumentasie ingehandig word.

Wie se plig is dit om onderhoudklagtes te ondersoek?

- Artikel 6 van die Wet op Onderhoud gee spesifiek opdrag aan die onderhoudsbeampte om klagtes wat op die voorgeskrewe wyse aangemeld is, te ondersoek.
- Die onderhoudbeampte mag ‘n verklaring afneem van enigeen wat oor tersaaklike inligting beskik oor die betrokke aangeleentheid en mag getuienis insamel oor enige aspek. Die onderhoudsbeampte kan onderhoudsbeamptes van ander distrikte en onderhoudondersoekers versoek om hom/haar by te staan in sodanige ondersoeke.
- Die onderhoudsbeampte mag ook vra dat ‘n persoon wie waarskynlik oor inligting beskik, aangesê word om voor ‘n landdros te verskyn vir ondervraging. Die onderhoudsbeampte mag hierdie persoon onder kruisverhoor neem om te verseker dat alle inligting voor die hof gebring is.

- Die voorsittende landdros mag enige persoon wat by ‘n onderhoudondersoek teenwoordig is ondervra en ook enige persoon wat reeds getuig het, terugroep en weer ondervra.

Mag ek aansoek doen om ‘n bevel dat my gewese gade se werkgewer my kind se onderhoud maandeliks direk in my bankrekening inbetaal?

- Ingevolge artikel 16 kan ’n bevel toegestaan word wat toestemming verleen aan die werkgewer van die persoon teen wie die betrokke onderhoudsbevel gemaak word, om die onderhoud van sy/haar salaris te verhaal. Hierdie tipe bevel sal slegs uitgevaardig word indien dit prakties sou wees in die betrokke omstandighede
- Ingevolge artikel 16 (1) (a) mag die hof ‘n bevel uitreik dat die onderhoudsbetalings in die bankrekening van die persoon aan wie die onderhoud betaal moet word, by wyse van ‘n debietorder of op enige ander paslike manier betaal word.
- Die onderhoudsbeampte mag die landdros versoek om die bankbesonderhede van ‘n bestaande bevel toepaslik te verander in absentia (in die afwesigheid) van enige van die partye (artikel 19).
- Die onderhoudsbeampte sal al die afwesige partye inlig met betrekking tot sodanige veranderinge gemaak.

Ek word gedagvaar om onderhoud te betaal, maar ek is nie die kind se pa nie – wat moet ek doen?

- Indien die beweerde vader wie om onderhoud gedagvaar is daarvan oortuig is dat hy nie die biologiese vader van die kind is nie en dus regtens nie verantwoordelik vir die betaling van onderhoud is nie, kan hy tydens die voorlopige vergadering vaderskap betwis.
- Indien al die partye bereid is om hulself en die betrokke kind aan bloedtoetse te onderwerp ten einde vaderskap te bepaal, sal die onderhoudsbeampte reël dat sodanige toetse gedoen word.
- Indien enige van die partye nie die toetse kan bekostig nie, kan die onderhoudsbeampte die landdros versoek om ‘n voorlopige ondersoek te hou ten einde die betaling van die toetse te bepaal. Die landdros mag ‘n voorlopige bevinding hieroor maak of beveel dat die staat vir die toetse betaal.
- Indien die beweerde vader teen wie ‘n klag vir onderhoud aangemeld is toestem om vir die bloedtoetse te betaal en daarna versuim om wel te betaal en ook versuim om ‘n toekomstige hofdatum by te woon, kan die hof, op versoek van die onderhoudsbeampte, ‘n onderhoudsbevel ingevolge artikel 18 ‘n onderhoudsbevel teen so ‘n persoon toestaan.
- Daar word aanvaar dat die man die vader van sy vrou se kinders is. Hierdie vermoede mag egter op enige stadium deur hom weerlê word.
- Wanneer kinders buite die huwelik gebore word en die vader word om onderhoud gedagvaar, word daar aanvaar (in die afwesigheid van getuienis dat hy nié die kind se biologiese vader is nie) dat hy die biologiese vader van die kind is, indien hy seksuele

omgang met die vrou gehad het gedurende die stadium toe die kind verwek kon gewees het - artikel 26 van Wet 38 van 2005.

- Weiering deur ‘n party om hom- of haarself, of die betrokke kind, aan bloedtoetse te onderwerp sal dié party se geloofwaardigheid negatief beïnvloed - artikel 37 van die Kinderwet Wet 38 of 2005.

Ek moet volgens ‘n bestaande bevel onderhoud betaal vir my kinders, maar ek is werkloos – wat staan my te doen?

- As sodanige bevel bestaan, maar die persoon teen wie sodanige bevel gemaak is, sy/haar werk verloor, moet hy of sy onmiddellik die onderhoudbeampte, werksaam in die gebied waar sodanige bevel gemaak was, daarvan in kennis stel.
- Hy of sy kan dan aansoek doen vir uitstel van die bevel. Die betrokke party sal bewys moet lewer vir die redes van sy/haar werkloosheid en dat hy/sy tans wel werk soek.
- Indien die party weens werkloosheid agterstallig geraak het met onderhoudsbetalings ingevolge ’n bestaande bevel, sal hy/sy egter nie van die verpligting onthef word indien dit blyk dat hy/sy onwillig is om te werk of as gevolg van wangedrag sy/haar werk verloor het nie.
- ’n Hofbevel wat uitgestel word weens sodanige werkloosheid sal hervat word wanneer hy/sy weer in diens geneem word.
- ‘n Persoon kan aansoek doen om ‘n wysigingsbevel sou sy of haar inkomste nou minder wees as wat dit was voordat sodanige persoon werkloos geraak het.
- Die party wat aansoek doen vir ‘n wysiging moet bewys lewer dat daar wel genoegsame gronde bestaan vir die wysiging van die bevel.
- ‘n Ouer sal moet bewys dat hy/sy alles in hul vermoë gedoen het om hul situasie, soos werkloosheid of siekte te verbeter.

My gewese gade versuim gereeld om onderhoud te betaal - mag ek vra dat die hof hom arresteer?

- Indien dit gebeur dat ’n ouer versuim om onderhoud gereeld te betaal, mag die ouer in wie se guns die onderhoudsbevel toegestaan is, ’n klagte indien dat hy/sy gearresteer word.
- Op versoek van die onderhoudsbeampte, mag die landdros voorts ‘n lasbrief magtig vir die arrestasie van die party wat versuim om onderhoud te betaal.
- ‘n Persoon wat versuim om die onderhoud volgens die bepalings van ‘n onderhoudsbevel te betaal, is skuldig aan ‘n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf.
- Die onderhoudsbeampte mag ook die besonderhede van ‘n persoon wat skuldig bevind word aan sodanige oortreding aan krediet-instansies verskaf.

- Die hof mag ook beveel dat sodanige gevangenisstraf en/of boete opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde die agterstallige onderhoud betaal.

In die saak S vs. Visser 2002(1) SARC 50 (CPD), was die gewese man met R44500 agterstallig, maar dit was binne sy vermoë om die bedrag te betaal. Die hof vonnis hom tot 1 440 ure periodieke gevangenisstraf, uitgedien te word oor naweke en verder dat sodanige ure verminder sal word met 15 ure vir elke R500 wat hy afbetaal op die agterstallige bedrag. Hierdie straf is op appèl gehandhaaf.

Regskenners smeek al dekades vir strenger onderhoudsreëls. In Suid-Afrika word amper twee-derdes van kinders nie by albei biologiese ouers groot nie. Meer as twee-derdes verontagsaam dié bevel reeds binne die eerste jaar nadat dit uitgereik is.

WYSIGINGS OP DIE WET OP ONDERHOUD:

- Een van die grootste veranderings is dat 'n ouer se onderhoudsplig nou deel uitmaak van hul kredietprofiel.
- Sedert September 2015 kom mense met agterstallige onderhoud vir geen nuwe lenings in aanmerking nie.
- Kredietburo's word ook ingelig sodra 'n ouer se betalings agterstallig raak.
- Indien die ouer wat onderhoud moet betaal "verdwyn", sal selfoondiensverskaffers verplig kan word om hul besonderhede, soos waar hulle woon, aan die hof bekend te maak.
- Ouers word verplig om die hof te laat weet wanneer hulle verhuis.
- Ouers kon voorheen net die onderhoudshof in die omgewing waar hulle woon, nader. Hulle kan egter nou die onderhoudshof in die omgewing waar hulle werk, ook nader.
- **Strenger strawwe vir die wanbetaling van onderhoud is ingestel – 'n oortreder kan nou tot drie jaar gevangenisstraf opgelê word in pleks van net een jaar.**